

HOËRSKOOL DIAMANTVELD

Tel: 053 833 1528/9

Faks: 053 833 1534

www.diamantveld.co.za



skoolhoof@diamantveld.co.za
admin@diamantveld.co.za
finansies@diamantveld.co.za
sport@diamantveld.co.za
bemarking@diamantveld.co.za

Privaatsak X6061
Kimberley 8300

Voortrekkerstraat 2
Kimberley
8301

15 Junie 2020

Geagte Ouers

Ons eerste week van skoolgaan vir die Matrieks is reeds agter die rug en almal is volstoom besig om die kurrikulum soos deur die departement uitgewys te promoveer.

Tot op datum is hierdie seker een van die mees ontwrigtende gebeurtenisse waardeur ons almal gaan. Ons is almal onseker oor die uitkoms van hierdie wêreldwye krisis. Ons voortgesette gebede is dat elkeen van ons skool se leerders, hulle ouers en familie asook die onderwysers en personeel in hierdie tyd gesond en veilig sal bly.

Ons is bewus van die bekommernis wat ouers het oor ons kinders se huidige opvoeding. Toe die nasionale inperkings tyd aangekondig is, het die Hoërskool Diamantveld se SBL en sy onderwysers reeds saam die aanlyn onderrigsteunsel van stapel gestuur deur middel van die tegnologie tot ons beskikking. Hoewel hierdie nie die onderrigsituasie in die klaskamer kan vervang nie, is ons van mening dat hierdie steunsel ons kinders in staat gaan stel om genoeg skoolwerk gedoen te kry dat hulle nie te ver agter is wanneer klasse weer hervat nie.

Ons moedig u aan om asseblief u kinders te ondersteun en te verseker dat hulle elke dag die werk doen wat die onderwysers voorberei het. Wanneer die klasse weer hervat gaan u kind, wat pligsgetrou op datum gebly het, vinniger op datum kom met die stortvloed skoolwerk wat op pad is.

Ons is ook akuit bewus van die finansiële ontwrigting wat hierdie tyd vir ons almal tot gevolg het. Van die Beheerliggaam se kant af het ons die skool se jaarlikse begroting gevries en gaan ons slegs noodsaaklike uitgawes aangaan. Op hierdie manier kan ons op die belangrike goed fokus, en dit is die opvoeding van ons kinders.

Hoërskool Diamantveld is in die bevoorregte posisie om 'n groot aantal onderwysers in diens te hê deur Beheerliggaam aanstellings. Hierdie onderwysers ontvang nie 'n salaris van die Departement van Basiese Onderwys nie en as Beheerliggaam het ons 'n plig om hierdie onderwysers se lewensonderhoud te eerbiedig tesame met die skool se normale vaste uitgawes.

Ons doen dus 'n vriendelike dog ernstige beroep op u om aan te hou om skoolfonds te betaal in hierdie moeilike tyd. Doen dit met die wete dat u daardeur help om u kind se opvoeding op die beste moontlike vlak te hou.

Indien u nie instaat is om volle betaling van die skoolfonds te maak nie, word u vriendelik versoek om in kontak te tree met ons finansiële beampte by finansies@diamantveld.co.za, ten einde 'n tussentydse betalings reëling te tref.

Mag God u en u gesin seën in hierdie uiters moeilike tye. Onthou, as gemeenskap staan ons saam.

Met Beste Wense

BLY VEILIG EN GESOND!!

2020 SBL – Diamantveld Hoërskool

Dirk Potgieter